

14 Julie 2013

**Skrifgedeelte: Job 38:1 – 40:5**

**Fokusgedeelte: Job 38**

### **Antwoord uit die stormwind**

“Die verstaanbaarste ding van die wêreld is dat dit onverstaanbaar is.” Dis nie ’n teoloog of kerkman wat so sê nie. Dis een van die heel beroemdste natuurwetenskaplikes, Albert Einstein. Die vraag is: Verstaan jy en ek dit? Op ’n oneindig hoër vlak het die ewige God dit uit ’n stormwind aan Job bekend gemaak.

Uiteindelik praat God – ná die troostelose troos van sy vriende, ná sy eie verskriklike worsteling om God tog net self te ontmoet. (Die verbondsnaam, *Ek is wat Ek is*, word hier gebruik). Die Here is die God wat altyd dáár is – vir Job, maar ook vir jou en my. Die antwoord van die Here lyk nie werklik na ’n antwoord op Job se waarom-vrae nie. Dis die merkwaardigste. Die Here toon hom die grootheid en ondeurgrondelikheid van sy grootse skeppingswerke. Job staan nou aan die ontvangkant van die vrae: “Was jy daar?” “Weet jy ...?”

Die vriende van Job het vir alles ’n verklaring gehad. Alles moet in ons menslike logika inpas. So het Job ook eers gedink. Dink jy nie ook maar baie keer só nie? God het Job egter uit daardie soort gemaklike godsdiensigheid uitgeruk. Weet jy wat wys God nou vir Job? Hy wys hom dinge wat menslik gesproke nutteloos is: reën wat in ’n dorre woestyn val waar die water nie nuttig gebruik kan word nie. In hoofstuk 39 wys Hy hom die volstruis, die seekoei, die krokodil, die wilde-esel of sebra. Eintlik “spot” hierdie diere met ons idee van “alles moet ’n doel hê” – ’n doel wat mense kan verstaan en verstandelik kan “plaas”.

God het hierdie soort “fratsdiere” egter tot sy eer gemaak. Die vrolike volstruis verheerlik God. God “speel” selfs met die Leviatan (Ps. 104:26). Ook Job se lyding is uiteindelik in al sy menslike onverdienstelikheid en nutteloosheid daar om God te verheerlik.

En jou en my swaarkry en lyding? Uiteindelik is dit mos ook daar om God te verheerlik, nie waar nie?

*Sing: Psalm 148:4*

*Dr. PP Kruger (Emeritus)*